**WOENSDAG 22 JULIE**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 25:1-6**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 25:5-6**

## Ketura – deur Abraham weggestuur, maar deur God nader geroep

Ketura (wierook) was 'n byvrou van Abraham by wie hy ses seuns gehad het. Of Abraham met haar getroud is terwyl Sara nog geleef het, is onseker. Die naam "Ketura" verwys moontlik na wierook, en dan veral na die wierookhandel wat kenmerkend van Wes-Arabië was. Haar seuns en kleinseuns was dan ook bekende Arabiese of Aramese stamme. Ketura se nageslag sowel as dié van Ismael (Gen. 25:12-16) bring die groot aantal nasies wat van Abraham afgestam het, in fokus.

So word die Here se belofte aan Abraham waar: "In jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen. 12:3) en: "... Ek maak jou die vader van baie nasies" (Gen. 17:5).

Ons fokusverse sê dat Abraham alles wat hy gehad het aan Isak bemaak het. Abraham erken dat Isak sy eintlike erfgenaam is, en dat die Here dit so bedoel het. God het immers vir Isak volgens sy belofte (Gen. 17:19) aan Abraham as seun en erfgenaam gegee. Verder het Abraham vir sy seuns by Hagar en Ketura geskenke gegee en hulle na Kedem toe weggestuur, weg van Isak af. Kedem, of Oosland, verwys na die gebied suid of suidoos van Palestina, in die rigting van die Arabiese woestyn. So het Abraham Isak se aanspraak op die Here se belofte beskerm.

Die wonder is dat God later elke mens wat die evangelie hoor, tot geloof in sy Seun roep. Hy stuur sy Seun na die woestyn van straf en dood op Golgota om elkeen wat in Jesus glo uit die woestyn van sonde te red – ook die afstammelinge van Abraham se seuns wat hy na die woestyn weggestuur het.

Hy gee sy Gees vir elkeen wat glo – ook vir Arabiere (Hand. 2:11). Daarom moet ons as kerk van ons Here Jesus sy evangelie van versoening aan alle volke, nasies en tale verkondig (Matt. 28:19-20).

*Sing: Psalm 105:1, 4, 5 (1936)*
*Dr. Hennie Goede (Vereeniging)*